



## Pneumatologie

Sondag vier ons die soveelste Pinkster. Kerke en gemeentes het in verskillende trappe van betrokkenheid aandag gegee aan die tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster. Die uitstorting van die Heilige Gees is die hoogtepunt van hierdie tien dae. Die vraag na die aard en rol van die Heilige Gees kom dikwels op.

Wat glo jy van die Heilige Gees? Ons is immers histories gesproke in die bedeling van die Gees. Die eerste bedeling was die bedeling van die Vader. Skepping, sondeval en die lang bemoeienis met die mens as **sondaar** is eie aan hierdie bedeling. Histories het die kort lewe van Christus die bedeling van die Seun verteenwoordig. In hierdie bedeling het die mens **begenadigde sondaar** geword. Na Jesus se hemelvaart het die bedeling van die Gees begin, die tyd van vertroosting, die tyd waarin mense van die **saligheid oortuig** word. Kyk maar na die Apostolicum of Niceense belydenis. Na Jesus se heilswerk beskryf is, word geloof in die Heilige Gees bely, en daarna al die sake wat deur die Gees bewerkstellig word of gewaarborg word. Hierdie kort en simplistiese uiteensetting kan nooit reg laat geskied aan die lang geskiedenis van openbaring nie. Die Skepper se bedeling duur voort, ons lewe in die skepping. Die Verlosser se bedeling duur voort, ons leef as begenadigde (verlosde) sondaars. Tog is dit die Gees wat in hierdie tweemillenia-lange bedeling ons van die eerste twee bedelings oortuig deur

Woord en sakrament. Wat kan ons alles sê oor God se Gees?

Die Bybel: In die 94 verse van die Nuwe Testament waarin daar na die Heilige Gees verwys word, is dit Lukas wat die meeste kere na die Gees van God verwys deur 12 verwysings in sy Evangelie en (by verre die meeste verse van al die boeke van die Bybel) 42 keer in Handeling. In die briewe word daar in 28 verse na die Heilige Gees verwys. Johannes verwys 4 keer na die Trooster en 4 keer na die Heilige Gees in die Evangelie volgens Johannes, en verwys vier keer na die Heilige Gees as die sewe Geeste, maar gebruik nie die term Heilige Gees in Openbaring nie.

Om elkeen van hierdie tekste eksegeties te gaan ondersoek, is 'n uitgebreide taak wat nie in Die Skietlood onderneem kan word nie. Is daar 'n opsommende blik moontlik? Reformatories en tradisioneel kan ons stel dat ons in ons geloofsbelydenis en belydenisskrifte antwoorde mag soek.

Nicea: Daar word twee maal na die Heilige Gees verwys:

- *vleses geword het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria,*
- *(Ons glo) in die Heilige Gees, die Heer en Lewendmaker, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gesprek het deur die heilige profete.*

Daarna word die sake van die derde bedeling (Heilige Gees) asook die finale bedeling bely:

- *Ons glo een heilige, algemene kerk, gegrond op die leer van die apostels.*
- *Ons bely een doop tot vergifnis van sondes;*
- *ons verwag die opstanding van die ontslapenes, en die lewe van die toekomstige eeu.*

Apostolicum: Die 12 artikels verwys ook twee maal na die Heilige Gees en dan ook na die derde (tussentydse), asook na die finale bedeling.

- *wat ontvang is van die Heilige Gees,*
- *Ek glo in die Heilige Gees.*

Heidelbergse Kategismus(HK): Die HK sonder een Sondag af om oor die Heilige Gees te handel. Daar word gestel:

**SONDAG 20**

*Vraag 53: Wat glo jy van "die Heilige Gees"?*

*Antwoord:*

- *Eerstens is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God.*
- *Tweedens is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade my troos en ewig by my bly.*

Nederlandse Geloofsbelijdenis(NGB):

Die NGB praat in twee artikels oor die Heilige Gees. Dit is opvallend dat dit eintlik net 'n uitbreiding is van dit wat ons in die HK lees.:

Artikel 8 - God is een in wese en onderskeie in drie Persone

*Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid af onderskeie is volgens die eienskappe wat Hulle nie met mekaar deel nie.*

*Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge.*

*Die Seun is die Woord, die wysheid en die beeld van die Vader.*

*Die Heilige Gees is die ewige krag en mag wat van die Vader en die Seun uitgaan.*

*Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, onderskei deur sy eienskappe, op so 'n wyse dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en ook nie die Seun is nie.*

*Nogtans is hierdie Persone, wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.*

Artikel 11 - Die Godheid van die Heilige Gees

*Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van ewigheid van die Vader en die Seun uitgaan; dat Hy nie gemaak of geskep of gebore is nie, maar van albei slegs uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is; dat Hy van een en dieselfde wese, majesteit en heerlijkheid as die Vader en die Seun is; dat hy inderdaad ware en ewige God is, soos die Heilige Skrif ons leer.*

Uit al hierdie gegewens sou 'n mens verwag dat daar geen verwarring is oor die Gees nie. Tog is die teendeel te bespeure. Ketterse gedagtes oor die wese, aard en werke van die Gees proliferer amper logaritmies. Enkele opmerkings oor die Gees soos in die Bybel uitgebeeld en die dwalinge wat daaruit voortvloei, sal dit aandui.

Die Heilige Gees is van die begin af teenwoordig as die Gees van God, die skeppende krag in die Genesis weergawe van die skepping (kyk ook na byvoorbeeld Job 33:4). Die Gees is ook in die skepping werkend wanneer die maagd Maria swanger raak.

Die Heilige Gees is die dryfveer agter die Ou Testament profete en hulle werksaamhede. Opvallend is dat daar in die meerderheid van gevalle gepraat word van die "Gees van God". Ons verwysing na die Heilige Gees is 'n Nuwe Testament benaming wat self ook afgewissel word met name soos "Trooster" en "Verkondiger (Parakleet)". Die Heilige Gees verseker dat die boodskap van Christus as Verlosser in sy volle rykdom verkondig word.

Beide die skeppende en verkondigende rol van die Gees het tot uiting gekom in die denke rondom Wysheid – Sophia. Hierdie personifikasie van die Gees as Wysheid vind 'n besondere toespitsing in die wysheidsliteratuur, veral Spreuke.

Sophia as God se Wysheid word deur byvoorbeeld feministe anders verstaan. Binne die feminisme is daar 'n handsakvol verstaansmoontlikhede wat strek van 'n verstaan wat die Gees sien as vroulik – die Gees as God se vroulike kant – tot Sophia (Gees) as God se lewensmaat of vennoot met haar eie troon in die hemele. Hulle beweer dat dit

patriargale onderdrukking is om aan God as net manlik te dink, en beweer verder dat vrouens met Sophia identifiseer eerder as met die Vader. Hierdie saak sal uitgekam en haarfyn bespreek moet word.

Die Heilige Gees as die dryfkrag agter profesie het tot gevolg dat daar op 'n ritme buite die Bybel en die tyd om heen steeds vandag aanspraak gemaak word op profetiese openbaring. Die feit dat profesie afgestem is op Christus, gaan hierdie mense verby.

God is meer kompleks as wat ons menslike denke kan begryp. Die rol van die Heilige Gees as die een wat bemagtig en die boodskap van Christus waarborg – soos blyk uit die Pinkstergebeure – word oorspan en tegelyk ingeperk tot 'n emosie-gedrewe soeke na glossolalie (spreek in tale), uitleg van die spreke, wondergenesings en vele meer opspraakwekkende menslike charisma.

Die Skietlood wil die bewering maak dat ons denke oor die Heilige Gees ver tekort skiet. Dit is asof ons by gebreke bly om die nodige navorsing te doen, ons denke in orde te kry. Ons onsekerheid oor die Gees maak dat ons oorspoel en oorweldig word deur welluidende basuinklanke wat nie in goeie teologie gewortel is nie, maar deur die warm lug van menslike asem gevoed word. Ons ken die Ruag (Wind –Gees) van God nie goed genoeg om emotiewe "geesvervulde" rammelings aan te spreek of uit te wys as kettery nie. Ons het God se Gees in ons. Die grootste gawe van die Gees is immers geloof. Ken ons die Gees?